

# Maria-Koningin
## 22 Augustus

Die liturgiese viering en verering van Maria as koningin is deur pous Pius XII by die geleentheid van die Maria-jaar 1953-1954 ingevoer. Waarom vereer die Kerk die eenvoudige, gelowige vrou uit Nasaret as koningin? Sy wou tog niks anders as die 'diensmaagd' van die Here wees nie. Dié eretitel het egter niks met aardse prag en praal te make nie, sy is die koningin van eenvoudige, diep geloof, die vorstin van getrouheid aan God, die eerste vrou van God se Koninkryk, 'n ryk van eenvoudige gelowige mense, 'n ryk wat verborge bly vir hulle wat net vir hulleself lewe.

© Die Oratorium Uitgewery